Preek 3 Mei 2020.

---

Liedjie: Soos ‘n Wildsbok

**Votum en Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

More gemeente, vanoggend se diens val weer terug na ons tema oor stories van hoop en geloof.

Stories soos:

- Josua wat die Jordaan moet oorsteek na die beloofde land
- Die storie van Josef wat sy broers onvoorwaardelik vegewe en versorg
- Storie oor standvastige geloof van Daniel se vriende, Sadrag, Mesag en Abednego
- Die storie van Daniel binne die leeukuil wat op die Here bly vertrou.
- En ook dan die verhaal van Abraham wat vir Isak moes gaan offer het vir die Here – ‘n Storie van volkome gehoorsaamheid en vertroue in die Here.
- En dan Paulus en Silas – wat in haaglike omstandighede die Here loof en prys terwyl hulle in die tronk vas geketting was.

So is die Woord van die Here merkwaardige in alle opsigte.

Ons gaan nou netnou saamlees uit die woord van die Here en sien wat die Here se boodskap vir een en elkeen van ons is vanoggend.

Eers wil ek hê ons moet vir oomblik stil word voor die Here:

**Gebed:**

**Here, maak ons rustig vanoggend, maak ons harte oop vir u woord Here. Dankie dat U steeds saam met ons is Here en dankie dat U beloftes daar is vir ons om in die krisis tye aan vas te hou. Seën die diens vanoggend Here en wees U ons God, Amen**

**Skriflesing:**

Kom ons lees nou saam uit die woord van die Here:

| | |
|---|---|
| 8 | DAAROP het Ámalek gekom om teen Israel by Ráfidim te veg. |
| 9 | En Moses het aan Josua gesê: Kies vir ons manne en trek uit, veg teen Ámalek. Môre sal ek op die top van die heuwel staan met die staf van God in my hand. |
| 10 | En Josua het gedoen soos Moses aan hom gesê het, om te veg teen Ámalek. Maar Moses, Aäron en Hur het op die top van die heuwel geklim. |
| 11 | En telkens as Moses sy hand ophou, was Israel die sterkste; maar as hy sy hand laat sak, was Ámalek die sterkste. |
| 12 | Maar die hande van Moses het swaar geword; daarom het hulle ’n klip geneem en dit onder hom neergelê, dat hy daarop kon sit. En Aäron en Hur het sy hande ondersteun, die een duskant en die ander anderkant. So het sy hande dan vas gebly tot sononder. |
| 13 | En Josua het Ámalek en sy volk met die skerpte van die swaard ’n neerlaag toegebring. |
| 14 | Toe sê die HERE vir Moses: Skrywe dit as ’n aandenking in ’n boek en prent dit Josua in, dat Ek die gedagtenis van Ámalek onder die hemel heeltemal sal uitdelg. |
| 15 | En Moses het ’n altaar gebou en dit genoem: Die HERE is my banier. |
| 16 | En hy het gesê: Waarlik, die hand op die troon van die HERE! Oorlog het die HERE teen Ámalek van geslag tot geslag. |

Gemeente Wat ‘n wonderlike gedeelte om te lees. Die Here wat getrou is aan Sy volk en hulle gedurig bystaan. Hy lei hulle deur die donker tye en laat leiers na vore kom wat veg vir God se wil en God se mense.

Vanoggend gaan ons na hierdie gedeelte kyk in 4 dele. Eerstens na die situasie waarin Israel haarself bevind, dan die optrede en opdrag van Moses, dan fokus ons weer op die ondersteuning van Aäron en Hur by Moses en ook ten slotte hoe dit van toepassing is in ons lewe vandag.

**DIE SITUASIE -**

Hierdie geveg met Amalek het plaasgevind nie lank nadat die Here Israel uit Egipte in die woestyn ingelei het op pad na Kanaän toe nie.

Hierdie geveg was vir hulle ’n nuwe ervaring, want hulle was slawe in Egipte. Hulle was nie ’n volk met ’n lang en roemryke militêre geskiedenis, wat ’n goedopgeleide professionele weermag gehad het nie.

En toe kom die Amalekiete en val hulle aan.

Nou die Amalekiete was nasate van Esau – en so ook die aartsvyande van die Israeliete.

Dís die situasie: Israel, maar onlangs bevry, menslik gesproke baie weerloos, word aangeval deur gewetenlose vyande.

En die vraag is nou: Wat doen Moses, die leier wat die Here vir Sy volk gegee het?

**MOSES SE TAAK VAN GOD –**

Moses moes reageer op hierdie aanval van die Amalekiete maar vir Moses om te kon reageer het hy geweet dat Hy soldate moes hê om hierdie aaval af te weer

Daarom gee Moses vir Josua die opdrag om ’n Israelitiese leër bymekaar te kry en teen die Amalekiete te gaan veg.

**<u>En wat doen hy wat Moses is?</u>**

Op die dag van die geveg vat Moses toe **sy staf** en hy en Aäron en Hur klim op na die top van die berg wat uitkyk oor die geveg tussen die volk Israel en die Amalekiete.

Moses tree as’t ware in vir die volk van die Here deurdat Hy hy sy staf in die lug hou. Hierdie staf van Moses het deur die gebeure van die jare voor hierdie geveg spesiale betekenis gekry.

Wat eers maar sommer net Moses se staf was, het deur dit wat die Here Moses met hierdie staf laat doen het, spesiale betekenis gekry.

- Toe Moses byvoorbeeld die eerste keer na die Israeliete toe gestuur is om hulle te gaan lei en hy bang was dat hulle hom nie gaan aanvaar nie, was ’n teken wat die Here hom laat doen het, dít:
    - **dat hy hierdie staf van hom op die grond gegooi het en dit dan in ’n slang verander het.**
- En toe die Israeliete by die Rooisee deur die Egiptenare vasgedruk was, moes Moses sy staf oor die see uitsteek en toe het die Here vir hulle ’n pad deur die see laat kom.

Hierdie staf het ’n instrument geword wat die Here gebruik het by geleenthede waar Hy met Sy hemelse krag ingegryp het vir Sy volk.

Dit het iets van ’n simbool begin word van die hulp wat die Here vir Sy volk gegee het, soveel so dat dit hier in vers 9 **<u>die staf van God</u>** genoem word.

Wat nou hier gebeur, is dat Moses daar bo op die berg hierdie staf in die lug insteek.

Let wel, hy steek dit nie oor die Israeliete of oor die Amalekiete uit nie, maar in die

lug in, waarskynlik aanvanklik net met een hand, maar toe dié hand moeg word en die staf swaar begin voel, met altwee hande.

Deur al die eeue het die kerk dit só verstaan dat hierdie ’n vorm van gebed was, ’n daad waarmee Moses vir die Here gesê het:

- Here, kyk na hierdie staf en onthou van U hulp van die verlede waarvan hierdie staf vertel;
- en laat U wonderlike krag ons nou weer help;
- maak ons soldate wat hier onder teen die Amalekiete veg, sterk en vaardig, sodat hulle hierdie vyand kan wen en kan wegjaag.

Daar word baie hiervan gepraat as Moses se stil gebed – ’n woordelose daad wat tussen Moses en die Here so goed soos duisend woorde is!

Maar Moses het vir seker, terwyl hy die staf ophou, ten minste in sy hart tog met sy gedagtes ook gebid, terwyl dit nie onmoontlik is dat hy wel met die mond hardop ook gebid het nie.

Moses staan op die voorpunt as bidder vir die Here se volk,

En die Here antwoord deur te help.

Hy verhoor die gebed deur die soldate van Israel sterker te maak as die soldate van die Amalekiete. So lank as wat die staf in die lug gehou is was die volk sterk en het hulle die oorhand gekry oor die Amalekiete.

Maar as Moses se hande moeg word en hy dit laat sak en dus 'n bietjie wil rus van die aanhoudende gebed, dan wil dit lyk of die volk besig om te verloor.

En so wys die Here dat die stryd van Sy volk nie gewen word deur net gou-gou 'n gebed daarvoor af te handel nie, meer net deur aanhoudende gebed, volhardende gebed…

God se volk word bedreig, maar daar op die voorpunt is daar God se dienaar wat vir hierdie volk bid om God se hulp.

**DIE ONDERSTEUNING WAT HY KRY -**

Moses het iets van die ware Middelaar gewys, maar hy was nie die ware middelaar nie. Hy was maar 'n swakke mens. Dit sien ons in die feit dat hy moeg geword het – fisies moeg, maar waarskynlik ook geestelik moeg.

Net soos wat die menslike liggaam swak is en byvoorbeeld nie die staf die hele dag boontoe kan hou nie, so is ons geestelik ook swak en het ons gewoonlik nie die geestelike uithouvermoë om 'n hele dag lank intens in die gebed te bly nie.

Daarom gee die Here vir Moses ondersteuning – **Aäron en Hur help hom**. Aäron was Moses se broer en woordvoerder, en Hur was ook in daardie tyd een van die belangrikste leiers onder die Israeliete.

Hulle laat die moeë Moses op 'n klip sit en ondersteun elkeen een van sy hande, sodat dit die staf boontoe kan bly hou. want die roep om die hulp van God moet aangaan, totdat die geveg gewen is.

Die Here gee vir Moses, wat die voorloper-bidder in hierdie situasie is, medegelowiges wat hom ondersteun, soos wat dit daardie dag nodig was vir hom om te kon voortgaan met die groot taak wat hy besig was om te doen.

En so leer ons nog een van die Here se werksmetodes ken. Nie al Sy kinders het in elke situasie presies dieselfde taak nie. Party word byvoorbeeld geroep om voor te loop, terwyl ander geroep word om te ondersteun.

- Dink byvoorbeeld aan die Sunnamitiese vrou en haar man wat die profeet Elisa met lewensmiddele en blyplek ondersteun het, sodat hy sy werk as profeet kon doen.
- Dink aan Paulus, wat vir gemeentes gevra het om vir hom as sendeling voorbidding te doen, sodat hy met vrymoedigheid en krag die Woord van die Here aan heidene kon bring.
- Dié wat deur die Here in bepaalde situasies geroep word om in die voorste linie te werk, is maar net mense
    - mense met beperkte kragte;
    - mense wat sonder ander se ondersteuning nie sal kan aanhou nie.

En daarom wys die Here ons deur hierdie voorbeeld in Eksodus 17 dat Sy kinders dié wat op die voorpunte stry en werk, moet ondersteun soos wat hulle dit nodig het.

**<u>TOEPASSING -</u>**

God se wil is dat Sy kinders mekaar moet ondersteun en bystaan. Aanmoedig, Hoop gee en daar wees vir mekaar.

As selfs ’n buitengewone dienaar van die Here soos Moses by geleentheid ’n Aäron en ‘n Hur nodig gehad het om te kon aangaan met sy werk, hoeveel te meer het mense soos ons, wat geestelik so ver agterstaan by iemand soos Moses, dan nie medegelowiges se ondersteuning nodig wanneer ons die keer geroep word om op die voorpunte te werk of te stry nie!

Die ondersteuning wat ons vir sulkes kan gee, is natuurlik in die eerste plek gebed.

- nie’n skietgebedjie of twee nie,
- maar aanhoudende gebede.

- ons kan hulle moed inpraat en aanspoor, veral deur hulle aan die beloftes van die Here te herinner.

En daar is sekerlik nog tientalle ander maniere ook waarop ons voorlopers in God se diens se hande sou kon hoog hou (om dit so te sê).

Mag dit ons uitdaging wees in hierdie tyd. Dat ons saam sal staan en mekaar sal ondersteun soos Äaron en Hur daar was vir Moses en sy arms omhoog gehou het.

AMEN

**Gebed:**

**Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”.

Kom ons luister almal nou saam na die Oorwinninngslied en gaan leef die week in liefde en vrede!